**Saterdag 17 Desember**

**Skrifgedeelte: Spreuke 11:4-20 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Spreuke 11:4b, 7b**

## Hooploosheid – vloek van die goddelose

Die goddelose mens lewe ’n uitsiglose lewe wat alleen maar bou op dit wat hierdie aardse bestaan bied. Sy aardse bestaan is die spreekwoordelike huis wat op sand gebou is (Matt. 7:26). Só is daar niks vas en seker en durend in die bestaan en verwagting van die goddelose mens nie. Die verganklike “hier en nou” is al wat tel.

Gevolglik is ook die uiteinde van so ’n lewe hoop wat tot niet gaan. Die hoop waaraan ’n goddelose of ongelowige immers vashou, verskil geheel en al van die hoop waarop ’n gelowige sy lewe bou. Die ongelowige se hoop hang van homself af en van omstandighede buite sy beheer. Daarom is sy hoop niks werd nie. Daardie hoop verdwyn … dit word verwoes of deur die dood uitgewis … daar bly niks van oor nie.

Die goddelose staan in sy sondige rebelsheid skuldig voor God en verdien die ewige dood as straf op die sonde. Vir hom is daar geen genade in Christus waarop hy sy hoop kan stel nie. Hooploos gaan hy die vervloeking van die hel tegemoet.

Daarteenoor hoor ons in Spreuke 11:4 dat die geregtigheid red van die dood. Dit beteken dat dit wat ons “reg” (sondeloos) voor God maak, die lewe gee. Op daardie geregtigheid hoop die gelowige, want daardie geregtigheid het Jesus Christus vir die gelowige bewerk. Daarom lewe die gelowige *nie* hooploos nie, maar hoop juis met vaste vertroue en volle sekerheid op die *waar* word van *al* God se beloftes in Jesus Christus, ons Here.

*Sing: Psalm 73:12*

*Dr. JH (Jac) Howell (Die Kandelaar)*